# LAERSKOOL BOEREFORT

# INLIGTINGSTUK 2024

# GRAAD 4

**INHOUDSOPGAWE:**


1. Verwelkoming
2. Algemene inligting
3. Klaswerk
4. Huiswerk
5. Wenke
6. Dissipline
7. Optrede van u kind by die skool
8. Eetgewoontes en kosblikke
9. Verjaarsdagpakkies
10. Skryfbehoeftes (Sien aangeheg)
11. Slaaptyd
12. Versoeke
13. Benodigdhede
14. Afwesighede
15. Belangrike skoolreëls/skooldrag
16. Slaagvereistes
17. Personeel
18. Studiemetode-kursus
19. Skoolgelde
20. Naskool
21. Belangrike kontakbesonderhede van die skool

## 1. VERWELKOMING

Baie welkom aan elke Graad 4 leerder en ouer. Baie geluk met die prestasie vanuit die Grondslagfase na die Intermediêre fase. Ons vertrou dat elke Graad 4 leerder drie gelukkige jare in hierdie fase sal beleef. Hierdie jaar hou nie net harde werk, verantwoordelikhede en verandering in nie maar ook baie herinneringe, onvergeetlike oomblikke en baie pret. Geniet elke oomblik saam met u kind terwyl hulle die trappies van die lewe klim. Gee baie liefde, kwaliteit aandag en wees betrokke want, ai, hulle word so vinnig groot. As onderwysers verstaan ons alte goed van die angstigheid wat u het rakende die oorbrugging van Graad 3 na Graad 4, maar ons wil u die gemoedsrus gee dat ons elke tree saam met u deur hierdie stadium gaan en beskik Laerskool Boerefort baie bekwame personeel om u in die proses te ondersteun.

## 2. ALGEMENE INLIGTING

### 2.1 Skooltye

Die skool begin stiptelik om 07:20 in die oggend tot en met 13:30 in die middae. Naskoolleerders verdaag direk na skool na die Naskoollokaal.

**LW: Geen hekke sal soggens oopmaak voor 6:45.**
**Geen ouers mag in die middae die terrein betree voor 13:30 nie.**

### 2.2 Gewone klere

Leerders mag met hulle verjaarsdae gratis gewone klere aantrek. Dis belangrik dat leerders by die voorgeskrewe reëls sal hou, dis ‘n voorreg!

**Dogters:**

- Geen moulose hemde.
- Geen bandjies hempies. Die hempie se moue moet ten minste **drie vingers** breed wees en mag glad nie die meisie se maag wys nie (selfs as sy haar hande oplig).
- Hare moet netjies vasgemaak word met geen loshangende slierte nie. (Daar sal wel geleenthede wees waar die meisies hulle hare mag los dra).
- Geen broeke/rompe/rokkies korter as **vier vingers** bo die knie nie. Asb. Moenie dat hulle korter aantrek nie.
- Geen hakskoene nie.
- Geen deursigtige klere wat onderklere sigbaar maak nie.
- Meisies moet seker maak wat hulle aantrek om verleentheid te voorkom.
- Wammeer die dogters "ski-pants" dra moet dit driekwart of lang "ski-pants" wees met ´n hemp wat oor die boude kom.

**Seuns:**

- Hare mag glad nie gejel word nie. (Daar sal wel geleenthede wees waar die seuns hulle hare mag jel).

### 2.3 Merk van besittings

Merk asb. al u kind se besittings (skryfbehoeftes, tasse, ens.). Die merk van klere en skoene is uiters belangrik. Ons sukkel baie met skoolklere en skoene wat wegraak en nie gemerk is nie. Merk asb. u kind se sportdrag deeglik. Daar is nie meer ‘n verlore klere- of enige ander besittingsboks nie.

**2.4 D6 kommunikasie**

- Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoordstrokies so gou as moontlik terug.
- Alle Ouers word versoek om asb. D6 Connect Toep op selfone af te laai. Installeringsinstruksies hierby aangeheg. Belangrike kennisgewings word op hierdie platform versprei.
- Weeklikse omsendbriewe word per D6 Connect en e-pos versprei op Vrydae.
- Indien 'n u e-posadres of kontaknommer sou verander, is dit u as ouer se verantwoordelikheid om die skool daarvan te verwittig.

**2.5 Kurrikulum**

Die leerders het die volgende 6 vakke met verskillende kleure voorblaaie om dit makliker te maak vir u kind. Die skool verskaf die voorblad van elke skrif.

- Afrikaans – Groen
- Engels - Pers
- Wiskunde - Geel
- Natuurwetenskap/Tegnologie (NW/Teg) - Blou
- Sosiale Wetenskap (Geografie en Geskiedenis) – Lig oranje/oranj
- Lewensvaardighede (LV) → Kreatiewe Kuns (KK) - Rooi
  → Fisiese Opvoeding (PT)
  → Persoonlike en sosiale Welsyn (PS) – Pienk

Aangesien die vakke deur verskeie onderwysers onderrig word, sal klaswisseling plaasvind.

- Maandag tot Vrydag bestaan elke dag uit 11 periodes.
- Elke periode is 30 minute lank.
- Maak asb. van u kind se dagboek gebruik indien u belangrike sake onder die aandag van die onderwysers wil bring.
- Help hulle om volgens rooster te pak. Die tasse is werklik baie swaar indien dit nie volgens rooster gepak word nie. Tasse moet voorsien word van rakkies. **Geen** rugsakke nie. Maak asb. gebruik van ons sluitkaste -(kwartaal/jaarlikse fooi betaalbaar; Kontak asb. Me Linda Minnaar in adminkantoor).

**3. KLASWERK**

Leerders word die geleentheid gegee om hul huiswerk in die klas te begin, nadat die betrokke onderwyser/es die werk verduidelik het. In al die vakke word formele assesseringsaktiwiteite gedoen in skrifte. Take/Toetse sal skriftelik aan leerders gegee word. Al hierdie punte word gebruik vir die finale assesseringspunt vir die rapport. Assesserings word wel huistoe gestuur waar ouers dit moet teken en om u as ouer in kennis te stel van u kind se vordering en tekortkominge. Hierdie Assesserings word weer terug gestuur vir rekorderings.

Gaan asb. u kind se skrifte gereeld na – PARAFEER EN TEKEN ASB. WEEKLIKS U KIND SE SKRIFTE. Huiswerk en skrifte word gereeld nagesien en gekontroleer. Wanneer werk in die klas gemerk word, word die antwoorde op die bord geskryf of 'n memorandum word uitgedeel. Leerders moet leer om nasorg met 'n potlood te doen indien die antwoord verkeerd is. U kind kry 'n negatiewe inskrywing indien huiswerk / nasorg nie gedoen is nie.

In die Engelse-klas werk ons gereeld uit 'n woordeboek. Voorsien asb. u kind van 'n goeie tweetalige woordeboek asook 'n goeie Engelse verklarende woordeboek ("South African Oxford School Dictionary" is 'n goeie woordeboek).

Wanneer daar werkkaarte uitgedeel word en u kind se werkkaart raak weg, moet hy/sy daar-en-dan R1 per bladsy betaal vir 'n nuwe afskrif. Indien u kind se handboek/werkboek wegraak, moet u 'n fooi gelykstaande aan die vervangings-waarde betaal voordat 'n nuwe een aan hom/haar gegee sal word. Handboeke wat verniel is, sal ook vervang moet word anders sal geen handboek die volgende jaar aan die leerder gegee word nie. So leer hulle selfdissipline om dit wat aan hulle geleen word op te pas. Alle boeke moet met plastiek oorgetrek word om dit te beskerm. DC-fix mag gebruik word vir skrifte, maar handboeke mag slegs met plastiek.

## 4. HUISWERK

Huiswerk word op die bord geskryf en die leerder moet dit in hulle dagboekies afskryf. Personeel kan nie altyd kontroleer of dit wel afgeskryf word nie, maak asb. gereeld seker dat u kind gereeld huiswerk afskryf. Daar kan huiswerk op Vrydae gegee word vir die daaropvolgende Dinsdag of Woensdag of op Dinsdag of Woensdag vir die daaropvolgende Maandag. Kontrolleer asb. gereeld u kind se skrifte en dagboek.



## 5. WENKE

Moedig u kind aan om aan een of ander na-skool-aktiwiteit deel te neem. Na 'n harde dag van konsentrasie en baie werk verdien die brein om bietjie te rus voor die groot taak van huiswerk begin. Dit help ook leerders om op sosiale vlak asook as ,n groep uitdagings te leer en holisties te ontwikkel.

**Aktiwiteite by die skool:**

- Atletiek
- Rugby
- Netbal
- Krieket
- Skaak
- Hokkie
- Tennis
- Revue
- Koor

**Buite-kurrikulêre aktwiteite wat by die skool aangebied word:**

- Akrobaat (Marinda Gerber - 082 491 7223)
- Drama (Sanet Olivier - Jo Christal Drama skool: 083 990 5472)
- Rekenaars (Jannie - Kids Computer on wheels: 082 440 0744)
- Karate (Shiraaz Joseph - 063 159 8072)
- Wiskunde (Abacus; Carin - 079 884 4916)

## 6. DISSIPLINE

Praat asb. gereeld met u kind oor goeie gedrag. Ons werk as onderwysers is om u kind te onderrig. Opvoeding en leer van basiese maniere begin by die huis. Praat ook oor ander se persoonlike besittings. Moenie dadelik alles glo wat hulle van die skool by die huis vertel nie, dan sal ons nie alles glo wat hulle oor die huis by die skool kom vertel nie.

Ons het nog steeds die detensiestelsel. Indien u kind ‘n brief ontvang, ontvang dit in die regte gees. Teken die brief, praat met u kind en sien toe dat hy/sy die detensie-klas bywoon. Die selfoonbeleid bepaal dat geen selfoon gehoor/gesien mag word nie.



## 7. OPTREDE VAN U KIND BY DIE SKOOL

Maak seker dat u op hoogte is van u kind se vriende en gedrag by die skool. Aanvaar asb. dat u kind nie dieselfde by die skool as by die huis optree nie. Groepsdruk en maats se invloed speel ‘n groot rol. Wanneer ons u kontak om ‘n probleem te bespreek, kan u maar luister – ons kontak u gewoonlik eers na die kind al 2 waarskuwings gehad het (afhangend van die oortreding). Werk saam met ons en nie teen ons. Onthou ons kan nou die boompie buig; later is dit te laat en tree selfverwyt in. Maak asb. seker dat u as ouer op hoogte is van ‘n kind se emosionele welstand, en indien u agter kom of weet waarom u kind se gedrag verander kom gesels vroegtydig met een van die onderwysers.

## 8. EETGEWOONTES EN KOSBLIKKE

Maak seker dat u kind ontbyt eet. Pak ‘n gesonde kosblik. Waak teen te veel suiker – dit lei tot verswakte konsentrasie en kan bydra om die leerder meer hiperaktief te maak. Ons vra ook dat die ouers attent sal wees op die hoeveelheid snoepiegeld wat hulle vir die kinders gee aangesien hulle geneig is om net lekkergoed daarmee te koop.

## 9. VERJAARSDAGPAKKIES

Stuur asb. net 'n verjaardagpakkie of 'n "cupcake". Ons deel dit graag uit. Groot koeke sal die middag net so ongesny weer huistoe gestuur word. Onthou om asb. die Covid-19 protokol STRENG te volg wanneer dit kom by verjaarsdagpakkies.

## 10. SKRYFBEHOEFTES

Ons vra dat ouers asb. maandeliks sal seker maak dat hulle kinders al die skryfbehoeftes het (gom en blou penne is 'n groot probleem) en om dit deeglik te merk. Kweek die gewoonte by u kind om hulle besittings op te pas en dit nie te laat rondlê nie. Kontroleer weekliks dat u kind wel al die nodige skryfbehoeftes het.

## 11. SLAAPTYD

Ouers, maak asb. seker dat u kind genoeg slaap inkry tydens die week. Slaap is veral belangrik voor toetse en eksamens. 21:00 saans vir Graad 4 is al amper te laat. Ons ondervind dat baie kinders veral op 'n Maandag baie moeg en emosioneel is a.g.v. te min slaap.

## 12. VERSOEKE

Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoordstrokies so gou as moontlik terug.

## 13. AFWESIGHEDE

Waak teen afwesighede, want swak skoolbywoning kan veroorsaak dat u kind die graad moet herhaal. U kind mis ook formele assessering wat nie weer ingehaal kan word nie. Afwesighede tydens toetse en eksamens vereis 'n doktersbrief, anders word daar 'n 0 aan u kind toegeken. Indien daar persoonlike redes is vir die afwesigheid, moet u dit so gou as moontlik met die betrokke personeel kom uitklaar. Moet asb. nie u kind by die huis laat bly sonder rede nie, hulle verloor belangrike klaswerk en inligting. Indien u laat is, verwittig die skool voordat register geneem word in die klas; na 7:30 word u kind as afwesig gemerk. Dit is uiters belangrik dat u kind elke dag skool moet bywoon. Waak teen onnodige afwesighede, want swak skoolbywoning kan veroorsaak dat u kind moontlik die graad moet herhaal.

Daar word daagliks 'n groot hoeveelheid nuwe werk behandel en indien u kind afwesig is, verloor hy/sy ongelooflik baie werk en laat dit 'n gaping ind ie kennis wat hy/sy moet verwerf.

Daar word gereeld Deurlopende Assesserings gedoen en dit is soms moeilik om leerders wat gedurig afwesig is, se werk in te haal.

Volgens Departementele voorskrifte moet u die skool voorsien van 'n afwesigheidsbrief/verskoningsbrief vir elke afwesigheid. Indien u kind meer as 2 dae agtereenvolgend afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word.

Indien ’n leerder laat is weens onvoorsiene omstandighede, moet u asb. die skool sodra moontlik daarvan verwittig voordat registers voltooi word.  Leerders wat na 7:30 by die skool opdaag word afwesig gemerk tensy u reëlings getref het.

Waak asb. daarteen om u kind onnodig tuis te hou as hy/sy nie lekker voel nie. Stuur net ’n briefie saam skool toe en juffrou sal hom/haar mooi dophou.  Daar is al dikwels in die verlede ondervind dat leerders geneig is om onnodig te kla en eintlik sommer weer heerlik saamspeel as hul tussen hul maats kom.

Indien ’n kind werklik siek voel of siek word deur die dag sal die skool u onmiddellik daarvan in kennis stel.

Let asb. daarop dat indien u kind wel siek is en hy/sy medikasie moet neem by die skool, moet u asb. dit aan die personeel kommunikeer en self die medikasie voorsien.  Die skool mag geen medisyne verskaf nie.

Waak asb. ook daartoe om u kind op ’n gereëlde basis vroeg uit te teken (veral op ’n Vrydag).  Ons merk op dat ouers baie dikwels leerders vroeër uitteken, wat veroorsaak dat hulle heelwat werk verloor.  Die leerprogram is baie vol en ons werk regtig tot die einde van die dag.  Sommige vakke skryf nog assesseringstake en klastoetse op Vrydae tot en met die laaste periode.

## 14. KOMMUNIKASIE

Hoofbron is D6. Weeklikse omsendbrief op D6. Opvoeders is nie verplig om WhatsApp groepies te stig nie en ons leerders moet in ‘n roetine kom om self huiswerk af te skryf.

## 15. BELANGRIKE SKOOLREëLS BV. AFWESIG / SKOOLDRAG

### 15.1 Skooldrag:

**Dogters:**

Skoene: Standaard swart met een bandjie oor voetbrug of standaard swart rubbersool / toerygskoene.  Somer opsioneel.
Kouse: Kort groen of wit sokkies.
Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-mac baadjie / Sweetpaktop.
Serpe: In die winter; slegs bottelgroen.
Drag: Somer: Geruite broekrompie en gholfhemp.
Winter: Grys langbroek met wit langmouhemp.

**Seuns:**

Skoene: Standaard swart rubbersool toerygskoene.  Somer opsioneel.
Kouse: Grys kniekouse.
Broek: Standaard grys wasbare kortbroek in die somer.
Grys wasbare langbroek met swart gordel in die winter.
Hemp: Somer: Grys kortmouhemp.
Winter: Grys langmouhemp.
Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-mac baadjie / Sweetpaktop.

**KDA / PT kleredrag / sportdrag:**

Hierdie vorm deel van die leerders se skooldrag en is verpligtend.  Sportbroekie, gholf t-hemp of moulose atletiekhemp.  Beide seuns en dogters kan die broekie en hemp dra vir

ander sportsoorte. Hierdie klere sal by die skool aangetrek word tydens 1ste pouse en weer uitgetrek word na KDA / PT tydens 2de pouse. Geen ski-pants word toegelaat nie.

**Skoolsweetpak:** Mag slegs gedra word tydens sportbyeenkomste.

**15.2 Riglyne vir die dra van skooldrag:**

- Skooldrag mag nie met ander klere gemeng/gedra word nie, bv. Windbrekerbaadjie met plakkies of hoedjies of tekkies, ens.
- Langbroeke mag nie sonder die regte skoene gedra word nie.
- Truie of baadjies se moue mag nie opgetrek word nie.
- Amptelike skoolaktiwiteite moet in die korrekte skooldrag plaasvind.
- Geen hempies mag onder ‘n oopslaankraag gedra word nie.
- Geen handtekeninge, slagspreuke, ens. mag op skoolklere aangebring word nie.
- Serpe: Slegs wit of bottelgroen.
- “Boxer shorts” mag nie uitsteek nie.
- Geen hoede/pette.
- Skoolhemde moet ten alle tye ingesteek wees, ook na skool en op straat.
- Merk alle klere wat u kind skool toe aantrek.

**15.3 Leweransiers:**

**SELECT UITRUSTERS:**

H/v Soutpansbergweg en Cobhamstraat, Queenswood / Tel: 012 333 3319

**SILVER CROSS:**

Eeufeesstraat 248, Pretoria-Noord / Tel: 012 546 6525

**TOTIUSDAL HANDELSHUIS:**

773 Codonia Ave, Waverley, Pretoria, 0186. Tel: 012 332 0016

## 16. SPORT

Dis belangrik dat leerders deelneem aan buitemuurse aktiwiteite naskool. Ten minste 1/2 aktiwiteite per kwartaal. Dit is ons as opvoeders se plig om die kind in totaliteit te ontwikkel, en ‘n gesonde balans by ‘n kind te kweek.



## 17. SLAAGVEREISTES

Die leerders moet aan die volgende vereistes van die 7 punt skaal voldoen om te kan slaag:

- ∗ Afrikaans - 4 (50%-59%)
- ∗ Engels - 3 (40%-49%)
- ∗ Wiskunde - 3 (40%-49%)
- ∗ Enige twee byvakke - 3 (40%-49%)
- ∗ Enige punte onder dit kom op ‘n herhaal van die graad neer al is dit net in 1 vak.
- ∗ Indien Afrikaans, Engels en Wiskunde afsonderlik nie aan slaagvereistes voldoen nie, kan u kind die graad herhaal.

## 18. PERSONEEL

Registerklasse:
4J - Me Jenny Petzer
4H - Me Heléne Seegers
4D – Me Debbie Goosen

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans: | Me M Booysen | NW/Teg: | Me D Goosen |
| Engels: | Me J Petzer | SW: | Me H Seegers |
| Wiskunde: | Me H Seegers | PSW: | Me D Goosen/Me J. Petzer |
| | | KK: | Me A Broodryk |
| Graadhoof: | | FO: PT | Dogters: Me B Booysen<br>Seuns: Mnr. F. Breedt |

## 19. STUDIEMETODE-KURSUS

As skool is ons bewus van ons Graad 4-ouers se kommer rakende leerders se studie vermoë:

- *Hoe moet my Graad 4 leer?*
- *Hoe moet hy/sy hul tyd bestuur?*
- *Wat kan ek doen as ouer vir my kind om voor te berei vir Eksamen?*

Om u as ouer die gemoedsrus te gee en u kind toe te rus met praktiese maniere om te studeer, bied ons as skool elke jaar 'n studiemetode-kursus aan. Hierdeur word leerders toegerus met die volgende vaardighede:

i. Hoe moet ek my tyd reg spandeer?
ii. Metodes om werk doeltreffend op te som.
iii. Optimale leerprogram vir leer en memorisering.

Hierdie is voorwaardelik 'n belegging in u kind se lewe en kan die fondasie lê vir sy/haar akademiese vermoë.

## 20. SKOOLGELD 2024

**Skoolgelde word vasgestel met die Algemene Jaarvergadering.**
**Skoolgelde is ten volle betaalbaar op die eerste skooldag van 2023 of met inskrywing,** maar ´n afbetalingsooreenkoms kan aangegaan word met L/S Boerefort.

**Skoolgelde beloop as volg:**

- R14 040.00 per jaar (R1 170.00 x 12 maande)
- ***NB!!! - Skoolgelde is vooruit betaalbaar oor 12maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2024.***
- Skoolgelde word gehef ongeag die skoolvakansies - u moet steeds dié maande betaal.
- Boekgelde – R1200.00 per leerder per jaar vir ouers wat 100% vrystelling ontvang, leerders in pleegsorg (waar amptelike hofdokumente in plek is)

**Afslag soos volg van toepassing:**

- Indien skoolgelde maandeliks, vooruit, op datum betaal is en die uitstaande balans vir die jaar teen 30 April 2024, is u geregtig op afslag gelykstaande aan een maand se skoolgelde.
- Indien ´n ouer nie die volle skoolgelde kan betaal op die eerste dag van skool nie, kan daar ´n afbetalingsooreenkoms aangegaan word vir afbetaling aan die begin van elke maand vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2024.
- Sodra daar een maand nie betaal word nie, val die voordeel van afbetaling weg en is die volle bedrag onmiddellik betaalbaar.
- **NB!** – Die vergunning van afbetaling verval indien ,n ouer nie sy maandelikse paaiemente byhou nie. Die volle bedrag is dan onmiddellik betaalbaar. Indien ´n agterstallige rekening oorhandig word vir invordering, sal die volle bedrag wat uitstaande is vir jaar, oorhandig word.
- **Wolkskool –** Skoolgeld sluit gratis toegang tot Wolkskool in. Wolkskool sal vanaf 2023 gebruik word vir verrykende aktiwiteite en hulp met tuiswerk.

**21. NASKOOL**

**Laerskool Boerefort bedryf hul eie naskool.**
**(volledige inligting sal voorsien word met die Naskool Inskrywingsvorm)**

Gr 4 – 7 leerders sal op en afgelaai word by die Tennisbane se kant

**Naskoolgelde beloop as volg:**

- R10 200.00 per jaar (R850.00 x 12 maande)
- Registrasiefooi van R150.00 betaalbaar met jou eerste paaiment.
- Alle gelde is streng vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2024.
- Indien die gelde nie vereffen is nie sal u kind onmiddelik die naskool moet verlaat totdat die volle rekening vereffen is en u rekening sal oorhandig word vir invordering.
- Gelde sluit in Ligte Middagete en Vakansiesorg.

**Tye:**

- Die Naskool funksioneer daagliks van direk na skool en sluit stiptelik om 17:30
- Ons is oop tydens alle vakansies, behalwe publieke vakansiedae en tussen 16 Desember en 3 Januarie (heropen 4 Januarie).

**Etes:**

- ´n Ligte middagete sal daagliks direk na skool voorsien word.
- Gedurende die vakansie sal GEEN ontbyt voorsien word nie, slegs middagete.

**Dagsorg:**

- Neem kennis dat die skool sluit tydens die skoolvakansies.
- Ons het ´n dagsorg diens – Tariewe is as volg indien die kind nie in die Naskool is nie:
  Voldag (06:00 – 17:30) R60.00 per dag met middagete
  Dagsorgvorms is voor elke vakansie beskikbaar.


## 22. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VAN SKOOL

| | |
|---|---|
| De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084 | Tel: 012 335 2841 |
| Posbus 31619, Wonderboompoort, 0033 | Faks: 012 335 3945 |


Webblad: www.boerefort.co.za


| | | |
|---|---|---|
| E-pos: | Algemeen | boeries@mweb.co.za *(Algemene navrae)* |
| | Skoolhoof | boeries.hoof@mweb.co.za *(Mnr Ben Fourie)* |
| | Finansies | boeries.fin@mweb.co.za *(Me Wendy Strydom)* |
| | Admin. | boeries.adm@mweb.co.za *(Me Rieet Krahtz)* |
| | Kantoor | boeries.ontv@mweb.co.za *(Me Charlene Strydom)* |
| | Klagtes | boeries.klagtes@mweb.co.za *(bv. Boelies; Mnr Lukas Keet)* |


d6
connect
Stap-vir-stap gids hoe om die d6 Connect Toepassing af te laai
Selfone & Tablette Aflaai Proses
Android
1. Besoek die Google Play Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Install' knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken *
Get it on Google play
iPhone / iPad
1. Besoek die iTunes App Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Get' Knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken *
Available on the App Store
Bly op datum met al die nuutste aankondigings & nuus
Rekenaar Aflaai Proses
Windows Rekenaar
1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Windows App" opsie
3. Wanneer gevra word of die dokument moet 'Run or save', kliek 'Save' en kliek daarna op 'Run'
4. Sodra die Toep. (Toepassing) geïnstaleer is, kan u inteken *
Mac Rekenaar
1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Macintosh App" opsie
5. Volg die instruksies vir die installasie
4. Sodra die Toep. (Toepassing) geïnstaleer is, kan u inteken *
* Indien u nog nie 'n geregistreerde d6 Connect gebruiker is nie, gaan asb na bit.ly/d6ConnectRegister vir Registrasie Scenarios
Stuur asseblief 'n epos aan die d6 Connect Ondersteuningspan indien enige probleme ondervind word met die installering van die sagteware: appsupport@d6.co.za | 087 820 0088 | www.d6.co.za




Die volgende betalings is reeds beskikbaar by ons skool:








# Instruksies hoe om by Wolkskool aan te sluit

Die WOLKSKOOL


## Stap 1: Sleutel die webadres in

Gaan na google "taskbar" en sleutel die volgende webadres in: [www.wolkskool.co.za](http://www.wolkskool.co.za)





## Stap 2: Sluit aan

Die volgende skerm gaan op u rekenaar of slimfoon verskyn.




Die volgende skerm verskyn op u toestel, klik "sluit aan".


As u by die soek enjin Wolkskool ingesleutel het gaan hierdie skerm verskyn




Kies

"Sluit aan"

**Stap 3: Skep 'n nuwe rekening**





Die volgende skerm verskyn op u toestel, klik "sluit aan"

**Stap 4: Kies die opsie leerder**




Klik op die leerder, en in die hoek sal 'n oranje regmerkie verskyn

## Stap 5: Skep 'n rekening




Vul die leerder se naam in.

Vul die leerder se van in.


Vul die leerder se e-pos in – gebruik die naam@boerefort.co.za e-pos of u kan u eie e-pos ook gebruik.

Skep 'n wagwoord vir die leerder bv. Jannie@2008

Herhaal die wagwoord – bewaar asb.

Klik op skep rekening.

## Stap 6: Besonderhede van die LEERDER




Klik op die pyltjie en kies watter tipe ID u kind het.


Voer u KIND se ID nommer in

Klik op die pyltjie en kies die provinsie waarin u woon.

Klik op die pyltjie en kies " Laerskool Boerefort"

Klik op stoor.

**Stap 7: Inligting van OUER / VOOG**




Vul die OUER / VOOG se naam en van in.

Vul die OUER/ VOOG se e-pos adres in. Alle komunikasie vanaf wolkskool (verslae hoe u kind wolkskool gebruik) gaan na hierdie e-pos gestuur word.

Vul die OUER / VOOG se selfoonnommer in.

Vul die OUER / VOOG se ID nommer in.

Vul die OUER / VOOG se beroep in

Klik op “Gaan voort”.


**Stap 8: Kies ‘n graad**

Klik op die leerder se graad waarin hy/sy tans is.




# Baie geluk u is nou ingeteken op Wolkskool!!!

**Hier is hoe die webtuiste lyk as die leerder ingeteken is.**




Die volgende skerm verskyn op u toestel, as u op inhoud "klik" sal die vakke verskyn.




Die leerder kan nou op enige van hierdie vakke "klik" en gaan kyk na video's, opdragte en assesserings.